

Deel #0

Bybelstudie



Berei jouself voor vir 'n wonderlike reis!

Sonder die Woord van God kan ons nie geestelik groei nie. Daarom **moet elke Christen een of ander gereelde toegang tot die Bybel** – wat God se Woord bevat – **hê**. Dalk kan jy net vinnig 'n daaglikse oordenking lees (ons omstandighede en persoonlikhede verskil), of die Woord bloot hoor as jy kerk toe gaan, of so af en toe uit die Bybel lees, maar **ideaal gesproke** kan jy:

- op 'n **gereelde** (daaglikse of weeklikse) **basis tyd maak vir God se Woord**;
- **stelselmatig deur die Bybel werk** – bv. 'n boek op 'n slag;
- **volgens 'n plan die Bybel lees** om te verseker dat (1) jy God se stem hoor in jou studie en (2) nie sommer net enige betekenis toedig aan wat jy lees nie.

Ons kursus sal jou beslis daarmee kan help!

Jy kan egter vir die reis gereedmaak deur die volgende:

Kry jou materiaal agtermekaar:

As jy die roete wil volg, het jy die volgende nodig:

'n Bybel(of Bybels). In **Afrikaans** kry ons nou al die volgende Bybels:

- Die **Ou Vertaling** (1933) is geskryf in outydse Afrikaans wat die Hebreeus en Grieks letterlik volg. Dit lees beslis moeiliker, maar het 'n meer poëtiese, gewigtige, formele karakter;
- Die **Nuwe Vertaling** (1983), wat die betekenis van die Hebreeuse en Griekse sinne presies weergee, maar soos ons dit in meer moderne Afrikaanse sinsorde en idioom sou sê. Dit lees maklik en gebruik ook 'n beter grondteks;
- Die **Boodskap** (1996) – ook in die *Geloof in Aksie-Bybel* – is 'n parafrese, wat beteken die oorspronklike betekenis word nie net vertaal nie, maar omskryf en feitlik verduidelik. Dit lees vreeslik lekker en die betekenis kom ook baie duidelik uit, alhoewel mens nie daaruit kan aflei hoe die oorspronklike teks gelyk het nie;
- Die **Nuwe Lewende Vertaling** (2006) is ook 'n maklik-lees vertaling in die moderne Afrikaanse idioom, plek-plek meer letterlik as die Nuwe Vertaling, met 'n vars aanslag – hierdie vertaling groei nogal op 'n mens.

Dalk het jy ook nog 'n ouer "Lewende Bybel" in die huis (redelik vry vertaal).



Dan kan jy ook 'n **Engelse Bybel** of twee byderhand hou, en ek lys net die meer moderne Engelse Bybels wat vandag beskikbaar is:

- Die **New International Version** (NIV) is basies die “standaard” Engelse vertaling die wêreld oor: in 'n neutrale Engels wat redelik na aan die oorspronklike vertaal is;
- Die **New Living Translation** (NLT) is soortgelyk as die bg. maar probeer duideliker kommunikeer (sien die notas hierbo by die *Nuwe Lewende Vertaling* – hulle maak dieselfde vertaalkeuses);
- Die **English Standard Version** (ESV) roem hom daarop dat hy baie na aan die oorspronklike teks vertaal is, maar tog heeltemal leesbaar;
- Die **Contemporary English Version** (CEV) is 'n losser vertaling, bedoel vir almal wat nie Engels as eerste taal gebruik nie. Dit gebruik 'n eenvoudiger styl en woordeskat;
- **The Message** is Eugene Peterson se gewilde parafrase van die Bybel. Sy vraag was: *Hoe sou die Bybelskrywers hulle boodskap vandag vir ons deurgegee het?* Op die manier behou hy die boodskap van die Bybel, maar in 'n heeltemal moderne en omskrywende styl. Dit lees heerlik!

Hulpbronne Eintlik het jy net 'n Bybel voor jou nodig, vriend. Die Heilige Gees sal dit aan jou lewend maak. Maar dit is lekker en nuttig om die vertalings te kan vergelyk as jy nie seker is van die bedoeling nie, en in die verband sal die volgende ook vir jou help:

- **Studiebybels** – spesiale Bybels met notas en kommentaar in soos *Die Bybel in Praktyk*, *Die Verwysingsbybel*, *die Geestelike Groei-Bybel*, ens.;
- **Kommentare** in een volume soos bv. *Die Bybel Verklaar* en *Die Bybellennium* werp ook goeie lig op moeilike gedeeltes;
- **Bybelse handboeke** soos bv. *Die Bybel A-Z* en die *Lion Handboek tot die Bybel* is ook lekker en nuttig om te gebruik.



Hierdie boeke is almal duurder, maar jy kan wag vir 'n goeie afslag by die populêre Christelike boekwinkel en dan een koop, of vir jou gesin opdrag gee dat dit 'n goeie kersgeskenk sal uitmaak!

Joernaal



Om 'n joernaal by te hou is 'n **geestelike dissipline**, vriend. Dis nie vir almal nie – almal is ook nie skryf-mense nie. As jy egter kan, is dit 'n baie waardevolle hulpmiddel om te gebruik. Jy kan vir jou een van daardie mooi joernale koop wat beskikbaar is (of natuurlik enige leë skryfboek) en by jou stiltetyd die volgende aanteken, **by die datum**:

- Die **teksverwysing** wat jy gelees het en die frases wat vir jou uitstaan;
- Wat jy ervaar **die Here vir jou sê** – hoe dit op jou lewe van toepassing is, of enige gedagtes wat jy verder oor daardie gedeelte het. Jy kan ook oor jou eie lewe skryf – dit kan jou dagboek wees, as jy wil;
- Jy kan jou **gebedsveroeke** daar skryf of nog mooier, jou eie gebed aan die Here;
- Sommige (soos ek) maak dit nog mooier en **skryf of plak daarin mooi goed** wat vir hulle belangrik is, bv. aanhalings, liedere, gebede, drome, idees, prente, ens.



Natuurlik sal jy nie elke dag iets daarin kan skryf nie – tensy jy op verlof is of afgetree het... Maar glo my – **jy sal jou journey met die Here voor jou oë sien afspeel** as jy later daarin terugblaai. Jy sal ook rede hê om die Here te loof as jy sien hoe dit wat vir jou probleme was, beantwoord en opgelos is. Dit is baie goed vir jou geestelike lewe! Oorweeg dit maar.

Kry 'n sisteem:

Ons sal in die eerste deel van ons kursus vir jou 'n voorstel gee van hoe jy jou stilyd rondom die Woord kan inrig. Ek dink dit is die beste benadering en **ek bid regtig dat jy 'n tydjie sal kan maak – al is dit een keer 'n week – om met die Woord te gaan sit.** Wat ek daarby wil voeg is dat jy jou Bybel moet kan merk volgens 'n sisteem. **Ek deel nou met jou persoonlik:** Daar is nie genoeg kleure vir al die temas wat voorkom nie, natuurlik, **maar ek het self min of meer die volgende logiese skema gevolg** (met kleurpotlode en *highlighters*) – dis net idees, werk maar iets vir jouself uit:

- Geel – die hemel, heerlikheid, engele
- Oranje – die verbond van God
- Rooi – Christus, die kruis, geestelike stryd, alles wat ernstig of waarskuwend is
- Pienk – liefde, vroue, vroulike temas
- Pers – die koninkryk, die kerk
- Blou – Israel, die wet, OT temas
- Groen – groei, beloftes, plantmetafore

Verder was ek baie vrymoedig om kruisverwysings te maak, datums en notas, lysies van tekste, sketse, ens. My hele Bybel is volgeskryf en ingekleur – elke blad! Dit het my 10 jaar geneem om deur elke vers van die Bybel te werk, meestal aan die hand van 'n kommentaar en dit het omtrent al my vakansies, naweke en afdae in beslag geneem – my arme gesin! **Nogtans was dit die belangrikste ding wat ek al gedoen het, geestelik gesproke.** Ek voel ek staan min of meer stewig in die Woord. Vriend, ons situasies verskil – die Woord is wat ek met my lewe doen, maar **elkeen** kan ten minste (1) die Woord met begrip lees en (2) hoor wat die Here vir hom uit die Woord sê.

Dit is waarmee hierdie kursus kan help!

Is jy gereed vir die reis – opgewonde? Laat ons begin...

